

Nico van Gijsen: So 'n lewenspolis raak 'n tameletjie vir jou kinders



netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-so-n-lewenspolis-raak-n-tameletjie-vir-jou-kinders-20260911-0779

Hier is 'n vraag van 'n leser die week: "Is dit goeie raad om my kinders, wat nou die werkplek betree, aan te moedig om 'n lewenspolis op my lewe uit te neem as 'n spaarmetode?"

Sy is nou 61 jaar oud.

Nee. Laat hulle hul eie finansiële beplanning doen. En jy joune. Dis die maklike antwoord.

Maar dit ondersoek nie die moontlikheid van wat sy vra nie. Daar steek tog iets in wat 'n denkende mens behoort te prikkel. En ek is geprikkel.

Versekerbare belang

Om lewensversekering uit te neem, moet daar 'n versekerbare belang wees. As jy nie 'n belang het wat versekerbaar is nie, is daar tog niks om te verseker nie, is daar?

Elke mens het 'n onbepaalde belang in sy of haar eie lewe. Dit word so aanvaar. Ek kan my lewe verseker vir soveel ek wil, hoewel die versekeraar seker vrae kan vra oor hoekom indien dit 'n verspotte hoë bedrag is. Geen versekeraar is verplig om jou te verseker nie.

Oor die algemeen word aanvaar dat kinders ook 'n onbepaalde belang in hul ouers se lewe het. Maar ek dink hier is 'n grysgebied.

Byvoorbeeld, hoeveel belang het 'n volwasse, selfversorgende kind in sy ma se lewe? Maar daar kan tog belange vir 'n kind in sy ouer se lewe wees wat versekerbaar is.

Kortom: Ja, dit is moontlik dat 'n kind versekering op jou lewe kan uitneem.

Die boedelbelasting-tameletjie

By jou dood val 'n lewenspolis op jou lewe in jou boedel vir die berekening van boedelbelasting. Al betaal dit direk aan die kind uit.

Ignoreer asseblief die raad van sommige makelaars dat 'n lewenspolis wat aan iemand anders as jou boedel uitbetaal, nie vatbaar is vir boedelbelasting nie. Dit is snert. Dit val in vir boedelbelasting en diegene wat die ander storie versprei, moet dalk liever vir iemand gaan gras sny.

Maar dis nie die einde nie. Die boedelbelasting wat deur die polis gehef word, word deur die begunstigde betaal (art. 11 van die Wet op Boedelbelasting [Wet 45 van 1955]). Maar

die berekening van die som betaalbaar is waar dinge kan skeefloop. Die belasting gehef deur die polis word pro rata bereken as deel van die totale boedelbelasting.

Kortom, jou ander erfgename kan moontlik moet help betaal aan die boedelbelasting op die polis wat aan 'n ander kind uitbetaal. Die polis kan selfs boedelbelasting skep vir ander erfgename waar daar nie boedelbelasting was voor die polis bygetel is nie.

Spaar met 'n lewenspolis?

Die opbrengs op 'n polis is gewaarborg. Solank as wat die kind die premies betaal, is daardie polis geldig en sal hy uitbetaal wanneer jy vir Charon ontmoet om jou oor die Styx te neem. Hiervan kan jy doodseker wees.

Jou probleem is, jy weet nie wanneer jou dood kom nie. Jou kind ook nie. Dit kan binnekort gebeur, wat 'n fantastiese opbrengs op belegging vir jou kind sal wees. Of dit kan nog baie jare neem, wat die opbrengs dalk ietwat minder opwindend kan maak – hoewel dit steeds 'n baie seker geldjie is.

Jou ander probleem is dat – en geen ouer van wie ek weet, wil eers hieraan dink nie – daardie kind voor jou kan sterf. Mense gaan eenvoudig nie in volgorde dood nie.

Wat dan met die “spaargeld”? Dis die (oorlede) kind se polis. Gaan die polis na 'n vriend of vriendin? Iemand wat nie sal kan wag dat jy doodgaan nie?

Die grootste enkele probleem wat ek sien, is dat jou kind nie by sy of haar “spaargeld” kan uitkom terwyl jy leef nie. Wil jy regtig tussen jou kind en sy “spaargeld” staan as die geldnood druk?

Die rol van lewensversekering

Lewensversekering het 'n plek in jou finansiële beplanning. 'n Baie belangrike plek. Maar dit is daar om risiko's te dek, nie om as 'n spaarmedium in te staan nie. Hou die twee apart.

Jy skep vir jouself, of jou kinders vir hulself, welvaart deur te werk en geld te verdien en dan 'n deel weg te sit. Jy spaar sodat, sou jy later geld nodig hê vir wat ook al, dit daar is en jy nie moet gaan leen nie.

Jy spaar sodat jy eendag genoeg sal hê om te kan aftree.

Lewensversekering het 'n ander doel. Dit dek die risiko dat, sou jy doodgaan wanneer dit nou nie juis geskik is nie, daar steeds na jou finansiële verpligtinge omgesien word.

My voorstel sou wees dat jou kinders elkeen hul eie finansiële beplanning doen, met genoeg lewensdekking op hul lewe om voorsiening te maak vir die versorging van hul kinders, sou hulle as ouers sterf.

Waar versekering op jou lewe in dié verband sin kan maak, is wanneer jy 'n lewenspolis op jou lewe het en jy het dit nie meer nodig nie – kinders is uit die huis uit, daar is genoeg geld in die boedel om boedelverpligtinge na te kom, daar is genoeg geld vir 'n langsewende gade om voort te gaan nadat jy dood is – dan kan jy, eerder as om die polis te kanselleer, dit aan 'n kind sedeer.

Die kind kan dan die premies oorneem. En wanneer jy sterf, en jy gaan, is daar 'n lekker meevaller.

Maar laat die kinders op hul eie spaar en hul eie heil uitwerk.

Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn. Hy is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za

[Wys Kommentaar \(4\)](#)